

**Redaksie**

Ds. E. Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com  
Ds. J. van der Linden, Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

Desember 2009 **Nommer 84**

## INHOUDS OPGAWE

<b>Die lied van die wingerd</b>	<b>...1</b>
<b>'n Verlosser in sandale</b>	<b>...3</b>
<b>Geloof en sekerheid</b>	<b>...5</b>
<b>Geloof en belewing</b>	<b>...8</b>
<b>Kersfees as Christelike feesdag</b>	<b>...9</b>

### Die lied van die wingerd

SS Braaksma

#### Deel 1

*Wat is daar meer te doen aan my wingerd wat Ek  
daar nie aan gedoen het nie?*

Jesaja 5:4a

Dit is die tweede helfte van die 8ste eeu voor Christus, êrens in Juda. En dit is fees, want dit is die tyd waarin die druïwe gepluk word, die tyd van die wynoes. 'n Vrolike fees. En wanneer iemand aankondig dat hy 'n lied gaan sing, dan word daar entoesiasies gereageer. Want die mense van Juda hou almal daarvan.

'Die wingerd van my vriend' – dit is die titel van die lied. Heel toepaslik. Dit is immers die fees van die wyn! Dit word stil en die feesvierders gaan staan in 'n kring rondom die sanger.

Dan sing die man sy lied. 'n Heel idilliese lied oor iets wat die mense van Juda daagliks om hulle heen sien. 'n Lied oor die *sorg* van die landbouer vir sy wingerd. Oor sy liefdevolle sorg. Want sy *liefde* vir sy wingerd word in alles sigbaar.

Hy laat niks aan die toeval oor nie. Met sorgvuldigheid kies hy die plek waar sy wingerd moet kom: 'n heuwelhelling met vrugbare grond (vers 1). Dan verwyder hy sorgvuldig al die stene uit die grond. Daarmee bou hy die muurtjies van die terasse wat moet voorkóm dat die grond met die winterreëns wegspoel. Die wingerdstok wat hy aangeskaf het is van topkwaliteit (vers 2). En tenslotte sorg hy ook vir goeie beveiliging: 'n doringheining (vers 5), 'n muur (vers 5) en 'n wagtoring (vers 2).

Geen moeite was vir hom te veel nie. Dit sê hy later ook: 'Wat is daar meer te doen aan my wingerd wat ek daar nie aan gedoen het nie?'

En dis ook geen wonder dat hy nou verwagtings van sy wingerd het nie. En dié spreek hy ook uit: 'En hy het verwag dat dit druïwe sou dra' (vers 2). Daarom kap hy ook 'n parskuip daarin uit (vers 2).

En die luisteraars sou beslis instemmend geknik het toe die man sing oor sy verwagtings vir die wingerd. Sulke verwagtings mag hy beslis hê na alles wat hy in die wingerd geïnvesteer het. Al die liefde, al die tyd, al die geduld.

En die luisteraars moes baie verontwaardig gewees het toe daar opeens 'n einde aan die pragtige woorde kom: '... maar dit het wilde druiwe voortgebring'! Al die inspanning van die landbouer was verniet gewees! Al die liefde, al die tyd, al die geduld – dit was vergeefse moeite.

En die luisteraars moes ingestem het met die landbouer, toe hy aankondig wat sy plan was met sy wingerd: 'sy doringheining wegneem, sodat dit verwoes word; sy muur stukkend breek, sodat dit vertrap word...' (vers 5)!

En ons sou heeltemal verwag dat almal na so iets sal uitroep: Dis reg so! Moenie meer daarvoor sorg nie! Laat die wingerd maar vergaan! Maar – dan kry die luisteraars die skrik van hul lewe.

**Dit het nie die vrugte voortgebring  
wat Hy mog verwag  
op grond van die liefde, die tyd  
en die geduld wat Hy  
in sy wingerd gesit het nie**

## Deel 2

*Want die wingerd van die Here van die leërskaars  
is die huis van Israel!*

Jesaja 5:7a

Tog jammer dat dit so afgeloop het. Dit het so mooi begin. Maar dit eindig met 'n anti-klimaks. Jammer. So kon die luisteraars gedink het toe die lied klaar was.

Maar kyk: die sanger neem weer die woord. En die luisteraars kry nou die skrik van hul lewe! Want hulle het gedink dat hulle na 'n toepaslike lied geluister het. Maar nou blyk dit 'n gelykenis te wees! En dit is nog veel toepasliker as wat hulle gedink het, want dis toepaslik op hulle self: "Want die wingerd van die Here van die leërskaars is die huis van Israel, en die manne van Juda is die tuin van sy verlustiging" (vs. 7)!

*Hulle* is die wingerd! En die landbouer, dit is niemand minder as die *HERE* nie! En die sanger, dit moet 'n *profeet* wees! Wat 'n skrik moes dit gewees het! Want nou-net was dit so voor die handliggend om te dink: Laat die wingerd maar vergaan! Maar daarmee het hulle *hulself* veroordeel.

En as hulle eerlik is, dan moet hulle toegee dat die vergelyking baie van pas is. Die *liefdevolle* sorg wat die Here aan hulle gegee het. Hy het Hom oor hulle ontferm toe hulle slawe in Egipte was, en hulle bevry. Hy het hulle op droë voet deur die Skelfsee gelei. Hy het hulle die weg gewys deur die woestyn en hulle brood uit die hemel en water uit 'n rots gegee. Hy het hulle die land Kanaän in besit gegee. Hy het hulle konings gegee soos Dawid en Salomo, wat van Israel 'n wêreldmag gemaak het. En die *geduld* wat Hy met hulle gehad het! Want toe hulle voor die Skelfsee gestaan het met die Egiptenaars agter hulle, toe was dit met hulle vertrouwe op die Here gedaan. En in die woestyn, toe hulle honger was, het hulle geroep: Het U ons maar nooit uit Egipte uitgelei nie! En toe hulle by die grens van Kanaän gestaan het, het hulle gesê: Hier kom ons nooit in nie! En toe hulle uiteindelik daar gewoon het, toe doen hulle almal 'wat goed was in hulle eie oë'. En hulle konings het hulle dikwels voorgegaan in die dien van afgode in plaas van die dien van die Here. En die Here het dit alles van sy volk aangeneem.

Maar nou het dit te ver gegaan. Juda is in niks meer te onderskei van sy buurvolke nie. Daar het verskillende stande in die samelewing gekom. Die regspraak is korrup. In die buitelandse politiek word die Here nie meer ingereken nie, maar word verdrag op verdrag gesluit. En die ergste van alles is: Die diens van die Here word *heidens* opgevat. Solank daar maar 'n paar rituele afgewerk word, dan is die Here sekerlik tevrede.

Die maat is nou vol: die Here gaan sy volk nou oorgee aan sy vyande: 'Ek sal dit 'n wildernis maak' (vs 6). En die luisteraars van Jesaja sal moet instem met die straf! Laat die wingerd maar vergaan! het hulle sopas nog gedink. En dit gaan nou ook gebeur.

En dit het gekom: die ballingskap. Psalm 80 spreek daarvoor in prakties dieselfde bewoording as Jesaja: 'Waarom het U sy mure stukkend gebreek, sodat

**Indien jy wil sien wat iemand se geloof vir hom beteken,  
hoef jy net te kyk hoe hy vakansie hou**

almal wat met die pad verbygaan, hom kaalpluk? Die wildevarke uit die bos eet hom op, en wat roer op die veld, wei hom af' (vers 13,14).

Die Here het sy volk prysgegee. *Of nie?*

### Deel 3

*Oplaas het hy sy seun na hulle gestuur en gesê: Hulle sal my seun ontsien.*

Mattheus 21:37

Dit is verby met die wingerd van die Here, met sy volk. Dit het nie die vrugte voortgebring wat Hy mog verwag op grond van die liefde, die tyd en die geduld wat Hy daarin gesit het nie. Daarom gee Hy dit nou prys aan sy vyande. *Of nie?*

*Nee!* Want ons weet dat daar na 70 jaar 'n *einde* gekom het aan die ballingskap. En meer nog: ons weet dat die liefde van die Here vir sy wingerd so ver gaan, dat Hy sy Seun vir sy wingerd laat sterf! Met 'n variasie op Joh. 3:16: 'Want so lief het God sy *wingerd* gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê'!

Hy het die vrugte kom *opeis*. Dit sê die Here Jesus self in die gelykenis van die landbouers, Matt. 21:33-46. Maar as Hy hulle *nie vind nie* – alweer nie! – dan sorg *Hyself* vir die vrugte, in plaas van die wingerd! *Hy* bring die vrugte voort wat die wingerd eintlik moes voortbring. So ver gaan sy liefde vir die wingerd!

Ja, die liefde gaan selfs nog verder! Want behalwe dat Hy die voortbring van die vrugte van die wingerd op Hom neem, neem Hy ook die *straf* van die wingerd (omdat dit nie vrugte voortbring nie) op Hom. Hy, die Enige wat '*goeie druiwe*' voortbring het – word gestraf vir die '*wilde druiwe*' wat God se volk al die eeue voortbring het!

En dit beteken dat die straf wat die Here in Jes. 5 aankondig, wel in die ballingskap oor Juda gekom het (vgl. Ps. 80), maar *ten volle* eers eeue later gekom het, op Golgota – oor ons Here Jesus Christus! *Hy* is deur die Here *prysgegee* – in plaas van sy wingerd! – toe Hy uitgeroep het: 'My God, my God, waarom het U my verlaat?' (Matt. 27:46).

Oor investering in die wingerd gepraat: dít het die Here alles in óns geïnvesteer! En trouens ook in die wingerd van Jes. 5 – maar daar het hulle toe nog niks van geweet nie. Ons weet wél daarvan! En as die Here op grond van sy sorg vir die wingerd van die *Ou Verbond* al *verwagtings* het van die wingerd – sou Hy dit dan nie hê van die wingerd van die *Nuwe Verbond* nie?

Ja sekerlik! Maar alleen dit: dat ons erken dat *die Here Jesus* vir ons die vrugte moes opbring omdat ons nie kan nie. En dat ons erken dat *Hy* die straf vir ons onmag – ons het onself immers onmagtig gemaak! – gedra het. Of, om dit weer met die variasie op Joh. 3:16 te sê: Want so lief het God sy wingerd gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê'!

**Maar as Hy die vrug nie vind nie  
– alweer nie! –  
dan sorg *Hyself* vir die vrugte**

Dit is die enigste wat Hy van sy wingerd verwag – *geloof* in die werk van sy eniggebore Seun, wat die verwagte *goeie* druiwe voortbring en wat die straf vir die voortgebringde *wilde* druiwe gedra het.

En as dáárdie geloof daar is, dan kán dit nie anders nie – dan kom daar tog vrugte in die wingerd. Vrugte van *dankbaarheid*. Van dankbaarheid vir die feit dat dit nie van ons vrugte afhang nie, maar van die vrugte wat die Here Jesus voortbring het. Van dankbaarheid vir die feit dat Hy die straf vir die armsalige vrugte wat ons voortbring, gedra het. Dan kan dit nie anders nie – dan word die liefde wat Hy geïnvesteer het in sy wingerd, deur die wingerd met wederliefde beantwoord. So is dit tog?

### 'n Verlosser in sandale

E Viljoen

*'n Verlosser in sandale! Het u al mooi daarvoor nagedink? God in sandale! Dit kan sommer maklik godslasterlik klink. Tog is dit opvallend dat Johannes die Doper sy eie werk profiel gee teen die koms van 'n Verlosser wat sandale dra. Só kom God na ons wanneer die Woord van God vlees word.*

**Deurgang tot die ewige lewe  
is geen saak van menslike mag nie.**

**Ons goeie werk sal ons volg – dit gaan ons nie vooruit nie**

- A Kamer

## Nie waardig om sy veters vas te maak nie

Dit is nie maar net 'n beeld wat Johannes die Doper gebruik nie. Wanneer Johannes die Doper die koms van die Here self na sy volk aankondig, nooi hy hulle nie om met gapende monde na die hemel te staan en kyk nie. "God by hulle" sou beteken dat hulle iemand eg menslik sou sien. Hulle moes nie na die hemel kyk nie, maar na Een wat tussen hulle staan en - net soos hulle! - sandale dra. Hulle sou 'n man in sandale sien (Mark. 1:7). Dit is wel 'n heel besondere Man. Selfs Johannes is nie werd om selfs maar die veters aan die sandale van Jesus vas te maak nie. Hy is ook nie werd om sy sandale agter Hom aan te dra nie.

Johannes verwag God uit die hemel, maar dan as 'n egte mens. Selfs by Jesus se doop in die Jordaan is Johannes nie een oomblik huiwerig om te verwys na 'n Man in sandale nie (Joh. 1:26, 27): "Ek doop met water, maar onder julle staan Hy vir wie julle nie ken nie - ... wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie." Daar het u dit weer - 'n Verlosser in sandale. Hy staan tussen die mense en hulle herken Hom eers nie as "anders" nie. Wanneer Jesus dan ook die volgende dag na Johannes kom, sê Johannes: "Dit is Hy van wie ek gesê het: Ná my kom 'n man ... 'n man wat vóór my was ..." (Joh. 1:30). Kyk na die Man in die sandale!

## Maria - Begenadigde!

Daaroor gaan dit wanneer ons bely dat ons Verlosser gebore is uit die maagd Maria: *Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is en bly, die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het* (HK Sondag 14). Die Seun van God neem die menslike natuur aan!

**Jesus se menswees  
maak dat ons God kan aanskou  
in sy heerlijkheid**

Reeds vroeg in die lewe van Johannes die Doper gebeur daar al iets aangrypends. Wanneer sy moeder Elisabet besoek ontvang van Maria, die verwagte moeder van Jesus, gebeur die wonder. Toe Maria vir Elisabet groet, het die kindjie in

Elisabet se skoot opgespring en, vervul met die Heilige Gees, het Elisabet uitgeroep: "*Geseënd is jy onder die vroue, en geseënd is die vrug van jou skoot!*" (Luk. 1:41-42). Hier gebeur tog iets heel besonders.

Ook kort voor hierdie besoek kry Maria besoek van die engel Gabriël en hy groet haar met 'n besondere groet: "*Wees gegroet, begenadigde! Die Here is met jou; geseënd is jy onder die vroue*" (Luk. 1:28). As moeder kry Maria 'n taak wat uniek is. Geen ander moeder het of sal ooit weer die moederskap beleef wat Maria geken het nie. Hierdie taak aanvaar Maria in geloof en sy stel haarself ook in diens daarvoor. Sy glo die engel van die Here. Maar nie almal sou hulself ewe gewillig prysgee aan hierdie boodskap van God se verlossing wat deur die nakomeling van Dawid sal kom nie.

## Die hemel oop

Kyk maar hoe reageer Natánael - hy was baie skepties toe hy Jesus eers ontmoet. Hy het gehoor Jesus kom uit Nasaret; hy is die seun van Josef van Nasaret (Joh. 1:46). En volgens hom kan daar niks goeds uit Nasaret kom nie. Natánael maak egter kennis met Jesus se alwetendheid. Hy kom agter Jesus ken hom, terwyl Jesus hom nog nooit voorheen ontmoet het nie. Jesus vertel dat Hy hom al sien sit het onder die vyeboom toe Filippus hom geroep het om Jesus uit Nasaret te ontmoet. Natánael se wantroue / skeptisisme verander in geloof, wanneer hy sy geloof in Jesus bely: "*Rabbi, U is die Seun van God, U is die koning van Israel!*" (Joh. 1:50).

Hierdie ontdekking van Natánael was nog maar net die begin. Jesus wil hom nog groter dinge laat sien. Hy sal dinge sien wat nie net vir hom persoonlik baie beteken nie, maar vir die hele wêreld, wat vir u en vir my van groot betekenis sou word. Natánael sal die hemel geopend sien en die engele van God opklim en neerdaal op Jesus. Dit wat Natánael daarna nog sou sien, bring ook vir u en vir my tot die belydenis: *Hy is die ewige Seun van God ... en tegelykertyd die ware nakomeling van Dawid, in alles aan sy broers gelyk, behalwe die sonde.*

In Jesus Christus het ons te doen met die hemelse heerlijkheid van God op aarde. In Jesus Christus sien ons werklik die hemel wat vir ons oopgegaan het.

**Faith is the badge of covenant membership,  
not something someone "performs"  
as a kind of initiation test**

- NT Wright

Die afstand tussen hemel en aarde word by Hom oorbrug. Engele van God klim op en daal neer op die Seun van die mens! Stel u voor! Dit laat ons dink aan Jakob se droom by Bet-el.

Maar Jesus is geen droom nie. Hy is werklik die hemel wat op die aarde gekom het. Hy is uit die hemel en self die poort na en van die hemel. In Jesus het ons werklik met God te make! Hoe belangrik is dit nie vir ons geloof nie! In Jesus van Nasaret het ons 'n getroue Getuie oor hoe die Vader teenoor ons staan. Jesus van Nasaret kan, omdat Hy die ewige Seun van die Vader is, vir ons betroubare en noukeurige inligting gee oor die hemel. Hy maak vir ons selfs die hemel oop dat ons deur Hom tot by die Vader kan kom.

Jesus het nie vir Natánael beloof dat die hemel 'n keer vinnig op 'n skrefie sal oopgaan om daarna vir altyd weer toe te gaan nie. *Van nou af* sal Natánael die hemel geopend sien. Dink maar aan alles wat hulle van Jesus gesien het van hierdie tyd af! Onmiddellik daarna was Jesus op die bruilof te Kana; die dorpie van waar Natánael kom (Joh. 21:2)! Jesus kom bevestig vir Natánael dat sy geloof en vertroue in Hom nie teleurgestel word nie. Jesus laat sien dat Hy self nie maar 'n skepsel is nie, maar juis een in wese met die Vader.

### **Minder heerlijkheid?**

Die feit dat God mens geword het wat in sandale rondgelopen het, maak nie dat die heerlijkheid van die Here vir ons verduister geword het nie. Die grootheid van sy genade en sy goddelike teenwoordigheid by ons word nie weggesteek agter die skerm van die vlees van Jesus nie. Johannes stel dit juis so dat die Woord wat vlees geword het, daarvoor sorg dat die heerlijkheid van die Here op aarde *gesien* kon word. Jesus se menswees maak dat ons God kan aanskou in sy heerlijkheid. In ons Here Jesus kyk ons as't ware die Almagtige God vas in die gesig. Ons kyk God in die oë. Of beter gesê ... ons kyk Hom in die hart.

Wanneer die Seun van God in sandale in die strate van Nasaret, in Jerusalem en langs die Jordaanrivier rondloop, kom God nader aan ons as ooit tevore. Waarom het God so naby aan ons gekom? Hy doen dit, nie om sy heerlijkheid te bedek nie, maar juis om ons sonde te bedek! Hy

kom om met sy onskuld en volkome heiligheid, my sondigheid voor God te bedek. Daarvoor het God nader aan ons gekom as ooit voorheen. Om ons sonde agter sy heerlijkheid weg te steek. Beter nog – te laat verdwyn. Om met sy onskuld my sonde weg te neem.

### **Wees mens!**

Die feit dat die Seun van God self kom sandale dra het, het 'n heel aangrypende betekenis vir my lewe van elke dag. God het ons kom opsoek daar waar ons elke dag lewe. *Ons hoef nie minder mens te wees om met God te leef nie.* Ons hoef Hom nie te gaan soek nie. Ons hoef nie van ons kant bo onself uit na God op te styg as 'n bomenslike skepsel om God te ontmoet nie. Die Seun van God kom staan onmiddellik naas ons in ons daaglikse lewe. Ons hoef nie weg van onself te vlug of “buite onself te tree” om God te ontmoet nie. Ons hoef nie die lewe te ontvlug om God te vind nie. Hoe dikwels het jongmense hierdie vrees vir die geloof. Hulle dink dat hulle die vreugde van die lewe gaan mis indien hulle hul geloof werklik gaan uitleef. Dit is 'n misleiding van die Satan. Ons hoef nie die lewe te ontvlug nie.

**Jesus het naas ons  
in ons gewone lewe kom staan.  
Daar is geen deel van ons lewe wat  
die Seun van God nie wil aanraak nie**

Inteendeel! Jesus het naas ons in ons gewone lewe kom staan. Daar is geen deel van ons lewe wat die Seun van God nie wil aanraak nie. Hy kom staan daar waar ons staan. Daar waar ons lewe en werk. Jesus is gevind in die timmermanswinkel van Josef. By die put besig om water te skep. By die bruilof in Kana terwyl Hy vrolik was saam met die gaste. Met sy onskuld en volkome heiligheid kom bedek hy my sonde daar waar ek elke dag leef en werk.

### **Geloof en sekerheid**

*G Gunnink*

*Is geloof maar net geloof? Sy het my ietwat hulpeloos aangekyk. En sy sê: “Ek beskou myself regtig as 'n gelowige. Maar soms voel ek myself heel ongelowig en twyfel ek aan alles.” Ek het opgemerk dat sy moeite daarmee gehad het om*

**Diere moet “agterkom” dat hulle te doen het  
met die onderkoning van die Skepper**

- AP Feijen

haarself hieroor uit te spreek. Rooi vlekke in haar nek. Maar tog het sy verder gegaan: “Weet u, geloof is tog maar net geloof nê? ‘n Mens weet nooit heeltemal seker nie. Jou verstand heeltemal uitskakel. ‘n Blinde vertrouwe hê. Maar ja”, sug sy terwyl sy haar skouers optrek, “dit het ‘n mens nie altyd nie. En as ander mense dan praat oor die opbou van ‘n persoonlike verhouding met God, dan raak ek sommer heeltemal verskrik”.

**Die kern van geloof is in wese  
toevertrouende sekerheid.  
Ek wéét aan Wie ek my toevertrou:  
aan die God wat bewys het  
dat Hy geloofwaardig is**

Hierdie kort verslag van ‘n lang gesprek met sr. N.N. bring ons by die vraag: Wat is dit om te glo? Om te staan op die rots? Of is dit om te loop op ‘n ysvloer? Is geloof maar net geloof? Jy moet maar wag of jou verwagting vervul sal word?

In allerlei verbande kom die verskynsel van twyfel ter sprake. Jy kan begin twyfel as jy by ander Christene hoor dat hulle ‘n sekere ervaring in hul lewe gehad het, waardeur hulle op ‘n skokkende manier te wete gekom het: Ek is ‘n ware gelowige. “Ek het nie so ‘n ervaring gehad nie. Is ek dan wel op die regte spoor?” Maar daar is ook ander oorsake vir die toenemende aandag vir die verskynsel van twyfel.

Ons dink byvoorbeeld aan wat iemand soos H.M. Kuitert hieroor sê. Hy kom in sy boek *Het algemeen betwyfeld christeljk geloof* (in Afrikaans: ‘Die algemene betwyfelde Christelike geloof’) nie slegs tot ‘n nuwe visie oor die inhoud van die geloof nie, maar ook tot ‘n nuwe benadering van *die geloof self*. Om te glo is ‘n haglike avontuur, sê hy. Dit is om aan ‘n draadjie te hang. Jy moet maar hoop dat dit alles is soos wat jy gedink het dit is. Maar dit is en bly haglik as dit oor geloof gaan. Die gereformeerde vrou wat ek nou-net aan die woord gestel het, het in feite net so daarvoor gedink, al het sy miskien geen benul daarvan gehad dat sy Kuitert se gedagtegang gevolg het nie.

Naas bogenoemde merk ‘n mens die skade op wat deur die Godlose denk en –leefklimaat waarin ons

leef, veroorsaak word. Mense soos ons, gegryp deur Jesus Christus, kan dikwels moeilik loskom van die greep van wat samevattend aangedui word as “die sekularisasie”. Die woord ‘godsverduistering’ kom al gou in hierdie verband te pas. Die vanselfsprekendheid waarmee ons omringende kultuur God ignoreer, kan jou laat twyfel.

### **Vastheid besit**

Daarom is dit goed om vandag opnuut die vraag te vra: wat is dit om te glo? Om te glo het in die daaglikse taal geword: nie seker weet nie. Miskien het u al ‘n keer so half onseker op ‘n vraag gereageer: “Ek glo so”, en toe die antwoord gekry: “In die kerk kan jy glo, maar hier moet jy seker weet”.

Maar hoe bemoedigend is dit om te konstateer dat, in Bybelse taalgebruik, geloof nie ‘n vermoede of onseker hoop is nie. Die kern van geloof is in wese *toevertrouende sekerheid*. Nie dat daar geen vrae, aanvegtinge of twyfel kan wees nie. Maar die aard van die geloof is en bly: sekerheid. Dink aan die drie byvoeglike naamwoorde van Sondag 7: dit is ‘n *gewisse* kennis, ‘n *vaste* vertrouwe, ‘n *ontwyfelbare* geloof. Die Hebreeuse woord vir glo het te make met vastheid wat jy buite jouself het en beteken: *amen sê*. Geloof? Dit is om met jou hart en siel *amen* te sê. En dit nie in ‘n neutrale erkenning ‘dat dit waar is’ nie. Glo in God is tegelyk God liefhê. Dit is Jesus Christus omhels.

Dit kan wel waar wees, sê iemand, maar vanwaar hierdie sekerheid? Daar is soveel godsdienste in die wêreld. Waarom sou die Bybel die enigste boek wees waarin God spreek? In die Koran staan ook diep dinge...

In antwoord op dié vraag drie dinge.

In die eerste plek: die *bron* van geloof is God se Gees. As gevolg van evangeliese invloede begin die klem dikwels val op die menslike keuse, die menslike kant van geloof. Dit bring twyfel. Dan gaan dit al baie gou oor jou eie persoonlike verhouding met God, en dan gaan dit veel te min oor God se verhouding met jou! God het ‘n sterk band met u, met jou. Dit het by Hom begin en dit begin telkens weer opnuut by Hom. Geloof is nie in

**Sending is nie in die eerste plek  
'n georganiseerde werk nie,  
maar 'n geïnspireerde werk**

- L Floor

die eerste plek 'n menslike keuse nie, maar *gawe van God*, geskenk van God se Gees. Ek omhels Christus, omdat Hy my gegryp het. En selfs daardie een ding wat ek moet doen, glo, kan ek nie uit eie krag doen nie. As geloof slegs was: my keuse, my werk aan 'n persoonlike verhouding met God, dan was dit al gou verby. Maar geloof is nie slegs werk van mense nie – dan bly die onsekerheid – geloof is 'n *Goddelike werk en daarom Goddelik sterk*. Daarom is Christelike geloof opgewasse teen alle moontlike aanvalle van die teenstander, ook teen die pyle van die twyfel.

Vervolgens: die bron van geloof is God se Gees, die *basis* van geloof is God se Woord. Mense het die Bybel al vergelyk met 'n lappieskombers. Mense het die Bybel al probeer gelyk stel met die Koran. Maar op die punt waarop dit in werklikheid aankom, moet ons nadruklik daarop wys dat God se Woord nie 'n lappieskombers is nie, maar 'n *boek van belofte en vervulling*. Die stelling (van Kuitert): 'dit moet alles nog maar blyk waar te wees' het nie erns gemaak met die feit dat die Here al ontelbaar kere laat sien het dat Hy sy beloftes nakom. Die Bybel: boek van magtige beloftes, maar ook boek van vervulde beloftes! Geloof is nie maar net geloof, 'n sprong in die duister nie. Nie verstand op nul nie. Nie blinde vertrou nie. Ek wéét aan Wie ek my toevertrou: aan die God wat bewys het dat Hy geloofwaardig is. Die God van Ou en Nuwe Testament, wat sy beloftes vervul het in Jesus Christus. Lê maar al die religieuse boeke van die hele wêreld naas dit. Nêrens vind u so 'n boek nie, waaraan soveel verskillende outeurs uit soveel verskillende tye aan meegewerk het, en tog is dit één Boek waarin die één stem van die Vader klink. Die sekerheid van die geloof het haar eie bewys. Ons lees oor Apollos dat hy in die openbaar uit die Skrifte 'bewys het' dat Jesus die Christus is (Handelinge 18:28).

In die derde plek: ook die *inhoud* van die Christelike geloof beteken sekerheid. Geloof rig haarself voor alles op Jesus Christus. Die Rooms-Katolieke Kerk laat die heil nie alleen van God se genade afhang nie, maar ook van die menslike prestasie. Van goeie werke. Die mens kan daarom nooit egte rus vind nie. Altyd bly die vraag: het jy genoeg verdienste? Die reformatore, met name

Luther en Calvyn, het die sekerheid van die geloof weer onder die stof uitgehaal. Hulle het alle nadruk gelê op die kruis van Christus as die enige grond van ons heil. Dan staan jy op vaste grond. Die kruis sê: die afwagting is nie op 'n onseker afloop nie, dit is volbring, klaar. Dit is by die prys ingesluit dat Christus u nie oorlaat aan die twyfel nie, maar u van die ewige lewe verseker deur sy Gees en Woord.

## **Twyfel**

Bron, basis, inhoud van die Christelike geloof maak duidelik dat twyfel sonde is, waardeur ons God se Gees bedroef. Maar daar is twyfel en twyfel. Die Nuwe Testament gebruik verskillende woorde. Ek pleit daarvoor dat ons hierin sorgvuldig sal onderskei.

**Die kruis sê: Dit is by die prys ingesluit dat Christus u nie oorlaat aan die twyfel nie, maar u van die ewige lewe verseker.**

In Jakobus 1 staan die uitspraak dat wie twyfel by sy/haar gebed, nie daarop moet reken om iets van die Here te ontvang nie. Jy is dan innerlik verdeeld en lyk soos die golwe van die see wat deur die wind heen en weer geslinger word. Baie mense, wat deur kleingeloof lastig geval is, het dié woorde op hulself toegepas. Jy kan hier, deur 'n verkeerde uitleg, selfs wanhopig raak. "Sien jy nou: bid help tog nie vir my nie, want ek twyfel so baie." Vir sulke mense sê ons: gaan met jou vrae nou juis wel na die Here, bid tot Hom dat Hy jou daar deur help. Want dit gaan in Jakobus 1 nie oor die smeulende kerspits wat graag sterker wil brand nie. Jy hoef nie 'n volmaakte geloof te hê om te kan bid en om seker te wees van verhooring nie! Dit gaan daar oor iemand wat 'ongestadig is in sy/haar hele gedrag', dus stuurloos, altyd maar wankelend op twee gedagtes. Jakobus praat van mense wat verkleef is aan die hartstogte van hierdie wêreld en tegelyk ook tot God bid, om self daardeur voordeel te trek (Jak. 4:3, Judas 13).

Dat die Here wel luister na mense wat nog maar 'n swak geloof het, blyk uit die voorbeeld van Petrus. Hy glo, maar dit is nog onvolkome. Christus roep: "Kom!" Jy gaan, lopend oor die water. Maar of jy wil of nie, jy word onseker, bang as jy kyk na die

**The nearer to heaven in hopes,  
the farther from the world in desires**

hoë golwe. Vir iemand, wat nie soos 'n heen-en-weer gejaagde golf is nie (Jakobus 1:6), maar wat oor die water loop tussen die golwe (Mattheus 14:30) en dan twyfel, sê Christus nie: "Red jouself" nie. Petrus, terwyl hy doodsbenoud na die hoë golwe om hom heenkyk, begin te sink en skreeu: "Here, red my!". En sy gebed word wel deeglik verhoor. Christus neem hom aan boord.

**Maar die vraag is nie: wat voel jy van die Heilige Gees nie. Die vraag is: wat glo jy van die Heilige Gees**

Daar is twyfel en twyfel. 'n Voorbeeld. In die pers het ek 'n voorbeeld teengekom: "Wie twyfel aan die gesag van die Skrif en die belydenis, moet sy studie as predikant direk staak." Dit is waar dat jy twyfel by studente nie net kan laat lê en maar wag of dit tydens die eksamen of voor die klassis ter sprake kom nie. Maar by twyfel direk die studie staak? Ek soek liever 'n man op die preekstoel wat deur die dal van die twyfel gegaan het en gelouterd daaruit te voorskyn gekom het, as iemand wat nog nooit iets daarvan gevoel het nie. Ek wil dui op die onderskeid tussen iemand wat struikel in sonde en iemand wat daarin lewe, daarin bly lê. Dit gaan daaroor of jy (student of nie student) aan die einde van die dag jou skuld bely, ook die skuld van gebrek aan geloof, of dat jy dit goedpraat en twyfel inherent verklaar as deel van geloof.

Dit is waar: ons voel en ervaar die verborge krag van die Heilige Gees nie altyd so sterk in ons nie. Maar die vraag is nie: wat voel jy van die Heilige Gees nie. Die vraag is: wat glo jy van die Heilige Gees. Op my gevoel kan ek nie bou nie. Op die Woord van God wel. My idees, my geloofserving en my spiritualiteit gee geen vastheid nie, maar God se vaste beloftes des te meer! Daarom is dit so troosvol dat Woord en Gees nie geskei kan word nie. Anders sou jy altyd die vraag moes stel: sou God se Gees wel in my woon? Maar omdat God dit vir u voorsê, mag u op sy gesag nasê, beaam, wat u anders nooit sou durf glo nie. U mag dit nasê, hierdie groot, byna ongelooflike feit: dat God Hom aan my gegee het en in my woon.

Ek eindig hierdie keer nie met die bekende 'amen' nie. Veel belangriker is dat u 'amen' sê!

## Geloof en beleving

P Groenenberg

Ek noem hierdie twee terme – geloof en beleving – doelbewus in hierdie volgorde. Die geloof kom eerste. Die beleving kom, as alles goed en normaal is, met die geloof saam. Dit gaan oor die beleving van die *geloof*. En vervolgens oor die *beleving* van die geloof.

Wie die beleving voorop stel en dit beskou as die belangrikste, gaan te veel van die mens self uit. Wie die klem plaas op die beleving, ontken die belydenis dat die Heilige Gees uitgaan van die Vader en die Seun. Die Heilige Gees werk die geloof (Son. 7 en 25 HK).

Die Heilige Gees gaan uit van die Vader wat die Skepper is. Die Heilige Gees maak dus gebruik van skeppingsprodukte om die geloof te werk en te versterk. Die skeppingsprodukte is: letters, woorde (preek), water, brood, wyn (sakramente). Die Heilige Gees maak die produkte van die skepping diensbaar aan 'n lewe in herskepping.

Wie hierdie skeppingsprodukte verag, kan nie oor geloofsbeleving praat nie. Nie oor beleving van die *geloof* nie, omdat die geloof gewerk en versterk word deur middel van die genoemde skeppingsprodukte. En nie oor die *beleving* van die geloof nie, omdat 'n mens dan iets beleef wat niks met geloof te make het nie.

Die Heilige Gees gaan ook uit van die Seun. Hy eien ons toe wat ons in Christus het. Hy neem dit uit Christus en verkondig dit (Joh. 16:14-15). Daarom ook dat die Seun in Johannes 1 die Woord genoem kan word.

Die Heilige Gees werk dus per definisie nie via besondere belewenisse nie, maar via die Woord en die prediking daarvan. En natuurlik kom dan die vervolg: ons aanvaar wat ons in Christus het.

Wie die *beleving* van die geloof sien as die ervaring van besondere belewenisse buite die Woord om, beleef miskien wel iets, maar beleef nie die *geloof* wat uit die hoor van die Woord van Christus is nie.

U mag altyd onthou: u enigste troos lê nie in u (verstoorde) gevoelslewe of enigiets anders nie. U

**Aanneming (tot kinders) is die daad waardeur God ons oorplaas van 'n vreemde familie in Sy familie. Dit is sekerlik die toppunt van genade en voorreg.**

- J Murray



enigste troos lê in wat u *is*, naamlik die eiendom van Christus.

U geloof as gawe van God is Goddank nie afhanklik van u gevoel nie, maar is onder die hoede van God wie se gevoel en denke volmaak is. Dit geld ook in tye van aanvegting en worsteling.

### **Aanvegtinge**

Die Bybel gee voorbeelde van mense wat beproef word (Job); wat berou het oor hul sonde (Dawid, Ps. 32). So ken ons dit ook. Worsteling. Twyfel. Vertwyfeling deur ons sonde.

En God? Hy is vir ons gevoel so ver weg. Die gevolg hiervan is al gou die gedagte: 'Ek glo seker nie meer nie'. 'n Voor-die-hand-liggende konklusie. Maar dan wil ek tog vra: met wie worstel u? In feite met God. Job het geworstel. Met God.

Maar dan is daar tog geloof? 'n Ongelowige sal by teenslae nie met God worstel nie. Hy worstel meestal slegs byvoorbeeld met wat mense hom aangedoen het.

En by sondekennis? Dawid worstel in Psalm 32 met sy onbelyde sonde. Hy kon dit nie uithou nie. Waarom nie? Omdat hy sy sonde teenoor die Here geken het. Hy het sy sonde geken uit God se wet. Maar dit is tog al verlossing? Die hantering van *God se wet* as spieël kom tog voort uit geloof? 'n Gelowige sal nie na sy lewe kyk in die spieël van God se wet nie, maar byvoorbeeld slegs luister na wat sy eie gewete vir hom sê.

**U enigste troos lê nie in u (verstoorde) gevoelslawe of enigiets anders nie.**

**U enigste troos lê in wat u *is*, naamlik die eiendom van Christus.**

In momente van twyfel en diep sondebeseft is daar nie altyd *belewing* van die geloof nie; maar daar is wel *geloof*, wat blyk uit die feit dat 'n mens in jou worsteling en in jou sondebeseft besig is met God. En as jy uit die diep dal weer opkom, beseft jy dat God jou vasgehou het.

Bly maar dink aan Dawid en Job. En weet dat hulle God ook ons God is.

## **Kersfees as Christelike feesdag**

NH Gootjes

Kersfees is een van die belangrike vierings van die jaar. Oor die hele wêreld is dit 'n spesiale dag, en die meeste mense geniet dit as 'n vakansiedag. Dit was nie altyd so nie. Daar is geen getuienis dat die Nuwe Testamentiese kerk die Kersfees gevier het nie. Nóg die Handeling nóg die briewe van Paulus bevat enige aanduiding dat die geboorte van Jesus Christus met 'n spesiale dag gevier is nie. Trouens, die Nuwe Testament gee nie eers 'n aanduiding oor die datum van sy geboorte nie. Om Kersfees te vier is nie 'n Nuwe Testamentiese voorskrif nie.

Dit het verskeie eeue geneem voordat dit 'n spesiale dag geword het. Die vroegste getuienis dat daar 'n spesiale fees ter herinnering aan die geboorte van Jesus Christus gehou is, dateer uit die begin van die vierde eeu. Later in dieselfde eeu het die kerk van Rome die viering van hierdie heilsfeit aan die datum van 25 Desember gekoppel. Van toe af het die gewoonte om die geboorte van ons Heiland op 25 Desember te vier, oor die hele Christelike wêreld versprei. Die Kersfees is 'n menslike uitvinding.

Ons word derhalwe met die vraag gekonfronteer of ons die Kersfees moet vier. Is dit 'n goeie gewoonte om 'n spesiale dag opsy te sit vir die viering van Christus se koms in hierdie wêreld? As die Skrif nie eers die datum noem nie, wat nog te sê van die feit dat ons dit moet vier, waarom moet ons dan so 'n groot saak daarvan maak? Sou dit nie beter wees om hierdie menslike feesdag af te skaf nie?

Die Ou Testament sê vir ons dat God self verskeie feeste ingestel het. Een daarvan was 'n fees ter herdenking van 'n belangrike feit in die geskiedenis: die Pasga. Dit moes 'n herdenking van die uittog uit Egipte wees. Op daardie dag sou die Israëliete terugdink aan die bevryding van die verdrukking wat hulle voorgeslag in Egipte ervaar het. Die volk Israel moes aan hulle kinders verduidelik dat hierdie fees hulle wil herinner aan die strawwe van Egipte en die manier waarop God hulle uitgelei het, sodat hulle nie dieselfde strawwe sou ondergaan nie (sien Eksodus 12). So het Israel die groot wonders herdenk waardeur God hulle verlos het (Ps. 77:11-15).

**'n Groot doel van rus is dat ons weer toegerus word vir die arbeid waartoe die Here ons geroep het**

- L Floor

In hierdie geval was die viering op 'n direkte gebod van God gebaseer, maar daar was ook ander gevalle. Heelwat later in Israel se geskiedenis het God sy volk gered deurdat koningin Ester tussenbeide getree het. Dit was die aanleiding vir die instelling van 'n nuwe feesdag: die Purimfees. Daar is geen getuienis in die Skrif dat God die volk opgedra het om dit te vier nie. Dit is deur Ester self en deur haar oom Mordegai ingestel (Ester 9:29-33).

Toe God sy Seun in hierdie wêreld ingestuur het vir ons verlossing, was dit een van die grootste dade wat God ooit gedoen het. Die geweldige betekenis van Christus se geboorte regverdig die viering daarvan. Toe die Christelike kerk in die vierde eeu die Kersfees ingestel het, het hulle verder gegaan in die rigting wat God in sy Woord aangedui het.

### Die Reformasietyd

Die Reformasie wat in die sestiende eeu plaasgevind het, het 'n effek op die viering van die Kersfees gehad. Om die waarheid te sê, daar was 'n wydverspreide poging om al die Christelike feesdae af te skaf, insluitend die Kersfees.

Die Sinode van Dordrecht in 1574 het 'n radikale besluit geneem en die Kersfees afgeskaf. Die Sinode wou hê dat die mense tevrede moet wees met die Sondag. Op die Sondag voor 25 Desember moes die evangelie van Jesus Christus se geboorte verkondig word. By dieselfde geleentheid moes dit aan die mense verduidelik word dat Kersfees as 'n spesiale dag afgeskaf is. Kersfees sou nie langer gevier word nie.

Dit mag ongelooflik klink dat 'n Sinode van die Gereformeerde kerke 'n spesiale feesdag ter herinnering aan die geboorte van ons Heiland wou afskaf. Dit word egter verstaanbaar as 'n mens dit sien in die lig van die situasie in daardie tyd. Gedurende die eeu wat dit voorafgegaan het, het die getal heilige dae drasties toegeneem. Die feit dat die mense op daardie dae nie werk gehad het om te doen nie, het gelei tot dronkenskap en ander uitspattighede. Alreeds voor die Reformasie was daar pogings om die getal heilige dae ingrypend te verminder.

Die Reformatore het hiermee saamgestem. In 'n stadium wou Luther al die feesdae sonder uitsondering skrap. Later het hy toegelaat dat 'n aantal spesiale Christelike feesdae gevier word. Calvyn het saamgestem met die pogings om daardie dae af te skaf. In sy tyd is daar elke dag van die week preke gehou vir diegene wat dit kon bywoon. Maar hy het geweier om spesiale aandag aan die dag van Kersfees te gee. Op die Sondag voor 25 Desember het hy gepreek oor die betekenis van Christus se geboorte, en op Kersfees self het hy gepreek oor watter Bybelgedeelte ook al aan die orde was.

### Die geweldige betekenis van Christus se geboorte regverdig die viering daarvan

In die lig hiervan kan ons verstaan dat die Nederlandse kerke die spesiale viering van die Kersfees wou afskaf. Die hele sisteem van feesdae het tot allerhande euwels gelei. Die poging om die Kersfees af te skaf het nie geslaag nie. Die owerhede in die stede het die feesdae as vakansiedae vir die burgers gehandhaaf. Die kerke het besluit dat dit onder die omstandighede beter was om eredienste op Christelike feesdae te hou, aangesien dit in elk geval vakansiedae was. As daar 'n dag opsy gesit word vir die viering van die geboorte van Jesus Christus, was dit beter om die gedagtes van die mense daarby te bepaal deur die lesing en prediking van God se Woord. Dit is die agtergrond van die reël in die Kerkorde dat Kersfees gevier moet word.

### Kersfees vandag

In ons samelewing is Kersdag 'n aanvaarde vakansiedag. Die meeste mense hoef nie te werk nie. Hulle kan die dag af neem. Dit mag dalk na 'n oorwinning vir die Christendom klink, maar dit is nie die geval nie. Die dag word nog na Jesus Christus genoem, maar prakties het dit nie veel met Hom of met sy geboorte te doen nie.

Elkeen gebruik die dag vir sy eie doeleindes. Die winkels vertel vir ons dat ons allerhande luukse items behoort te koop. Dit het 'n dag geword om geskenke vir mekaar te gee. Die belangrikheid van Jesus Christus het verminder en sy plek word deur

**Die liefde is nie 'n lui en slaperige ding  
wat in die hart stil en snorkend lê nie**

- M Luther

Sinterklaas (Santa Claus) ingeneem, 'n vriendelike oubaas wat vreugde en warmte in mense se harte bring. Die winkels doen goeie besigheid. Ander entrepreneurs benut weer die gedagte van vryheid tot hulle voordeel. Reisagente bied Kersfeesreise na tropiese plekke aan.

Tussen al hierdie kommersiële aktiwiteite het die betekenis van Kersfees verdwyn. Dit het 'n dag geword waarop 'n mens die goeie lewe en gasvryheid geniet. As dit die geval is, kan ons maar die Kersfees heeltemal afskaf. Daar is geen voorskrif in die Bybel dat ons 'n spesiale dag moet hê vir die viering van Christus se geboorte nie. 'n Kersfees sonder Christus is soos 'n vrug wat buitekant mooi lyk maar binnekant vrot is. Dit stink. Ons kan verstaan waarom Gereformeerde mense in die sestiende eeu die dag wou afskaf.

Daar is egter 'n beter oplossing. Liewer as om dit af te skaf, moet ons die oorspronklike betekenis behou. Dit is die viering van die geboorte van ons Heiland, 'n gebeurtenis wat baie belangriker is as die bevryding wat gevier is met die Purimfees. Die kerk het die reg om 'n spesiale dag daar te stel vir die viering van God se groot daad in die geskiedenis. Die geboorte van ons Heiland kwalifiseer sekerlik as 'n groot wonder wat God gedoen het om ons verlossing moontlik te maak. Die Kersfees is 'n menslike instelling, maar daar is oorgenoeg rede om dit te vier. Ons kan ons dankbaarheid aan God vir Jesus Christus se geboorte betoon. As Christus in die middelpunt is, sal ons Kersfeesviering nie leë vermaak wees nie, maar opregte vreugde van mense wat besef dat hulle van die ondergang gered is.

---

**We give advice by the bucket,  
but take it by the grain**

- WR Algar